Die drie Samaritane

Dis lente in die bos!

Die eerste reëns het geval en daar is 'n feestelikheid in die lug. Al die mamma-bobbejane is besig om hul nuwe babatjies te versorg en die jongklomp kerjakker by die rivier.



6



7



Slungel pas die meisies op en maak kastig sy kop bak as die seunsbobbejane naby kom. Dan sing hy met sy sleeptong:

Schlungel, Schlongel, Schlang! Wie is tog nou bang?
Wip-wip deur die blare... Daar's mos geen gevare!

En die meisies sing verder saam aan die koggel-liedjie.
Ons is tog nie bang nie... Julle kan ons nie vang nie...
Wê-wê-wê-wê-wê!

8



Kom ons spring ál met die klippe langs tot by die maroelabome aan die oorkant!

Jis! Dis 'n bak plan!

Dan klits ons daai meisiekinders met maroelas!

Oorkant die rivier is nog maroelabome. As hulle deur die rivier kan kom, kan hulle 'n lekker maroelageveg teen Trieks-hulle hou.

9

Een vir een begin die seunsbobbejane met die klippe wat bo die water uitsteek, spring tot aan die oorkant.



Hoekom wil seuns altyd sulke dom, dapper goed doen?

10